# JULIE NUUSBRIEF

SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID-AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

06 / 2017



## NUWE MYNBOUHANDVES:

Soos u bewus is, is die nuwe Mining Charter op 15 Junie 2017 in die Staatskoerant gepubliseer. Die Kamer van Mynwese is in die proses om 'n interdik te bekom teen die implementering van die nuwe Mining Charter, aangesien hulle voel dat daar nie genoeg gekonsulteer is met die Mynbou Industrie nie. Hulle het ook verskeie dokumente gepubliseer wat die uitwerking van die nuwe handves baie duidelik uitbeeld. Kyk gerus na die Kamer se Transformasie Feiteblad; die Kamer se Ekonomiese Impakbepaling; die Kamer se Mynbouhandves Impakbepaling en die Kamer se 5 Redes Hoekom die Handves Sleg is vir Suid Afrika.

Volg asseblief die **skakel** vir 'n verklarende opsomming van die hersiene Mynbouhandves vir 2017 in Afrikaans.

## SADPO SENSUS

SADPO beplan 'n sensus opname onder al die klein en opkomende rolspelers in die Diamantbedryf. Ons het hierdie inligting nodig wanneer ons met die relevante owerhede in gesprek tree om te kyk of ons nie die reeds kwynende bedryf kan red van totale ondergang nie. Ons sal u inlig wanneer ons in u area sal wees en ons doen 'n beroep op u om asseblief u samewerking in hierdie verband te gee.

## BOODSKAP VANAF HARRY SEASE - DMR, NOORD KAAP INSPEKTORAAT

For the next two months the theme in Northern cape is "THE EYE OF THE STORM" This is focusing on excellent management style that focuses on harmonizing the workplace whilst delivering on the objectives, Health, Safety, sustainability and profitability. Those who knows the STORM, there is tranquillity in the centre of the storm (the EYE) and the aim of the storm is to destroy everything and anything in is way. That's its main objective and it does just that...DESTROY.... As management and supervisors in the centre of the mining business, we know our objective, which is to conquer the business of mining in all aspects and to achieve this we have to focus in harmonizing the operations

that we are operating in so as to deliver more than it is desired.

Regards, Mohlouwa

## GEVOLMAGTIGDE VERTEENWOORDIGERS ("AUTHORISED REPRESENTATIVES")

As jy 'n kontrakteur is op iemand anders se permit moet jy aangestel wees as 'n wettiglike goedgekeurde gevolmagtigde Verteenwoordiger van die reg / permit houer, by die Regulator. Dit laat jou toe om die diamante te hanteer, in jou besit te hê en in te gee by die bemarkingsentiteite (tender huise) en die "broker's note" te teken.



Die Regulator raak nou baie streng daaroor en doen oudits by die bemarkingsentiteite om seker te maak dat óf die wettiglike goedgekeurde gevolmagtigde Verteenwoordiger óf die reg / permit houer die "broker's note" teken. Maak dus seker dat jou personeel die nodige opleiding / papierwerk het.

## VURE GEDURENDE DIE KOUER MAANDE

Koolstofmonoksied (CO) - **uiters giftig en vlambaar**. CO is die produk van onvolledige verbranding en 'n "stil moordenaar" - dit word vinniger as Suurstof (O2) in die bloed geabsorbeer en die rooibloedselle het 'n groter affiniteit vir CO as vir O2. En daarbenewens het dit ook 'n akkumulatiewe effek wat beteken dat as jy slaap in 'n kamer waar 'n brand in die nag brand, die CO vlakke in jou bloed toeneem, maar dit kan nog nie dodelik wees nie, maar sodra jy by jou werk aangekom het, soos byvoorbeeld 'n myn en jy word dan weer blootgestel aan CO vlakke as gevolg van byvoorbeeld 'n "brazier", sal jou CO-vlak in jou bloed toeneem, wat dan dodelik kan word, wat dan 'n mynongeluk is. Dit is belangrik om die werknemers in te lig oor die uitwerking van hierdie gevaar.

## JANNIE LOMBARD BEDANK AS KOMITEE LID

Dit spyt ons om u mee te deel dat Jannie Lombard (Noord Wes) bedank het as Nasionale Komitee lid. Ons gaan sy wysheid en kennis mis en bedank hom vir die tyd wat hy op die komitee gedien het.

## TENDER DATUMS

Hiermee die volgende 2 maande se tender datums vir u gerief:

17 – 20 Julie

14 – 17 Augustus

## GESELS MET ONS!

Jy kan met ons kontak maak deur ons webwerf & deur die Forum op die webwerf (eksklusief vir SADPO-lede), per epos, of op ons LinkedIn profiel. Jy is ook welkom om die Dagbestuur te skakel. **ONS WIL GRAAG VAN ONS LEDE HOOR!**

## DIAMANT KORT KURSUS

Die Universiteit van Pretoria bied 'n Diamant Kort Kursus aan van 24 - 27 Oktober 2017, wat 'n besoek aan die Cullinan Myn insluit. Sien asseblief die meegaande kennisgewing vir verdere inligting.

## DRA BY TOT ONS NUUSBRIEF

Ons nooi u uit om enige nuus / gebeurtenis / inligting wat u voel ons lede by sal baat, aan die Sekretaris te stuur vir moontlike publikasie in die volgende nuusbrief.

**NASIONALE KOMITEELEDE:** Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Mark Hunt, Anton Jacobs, Johan Keyser, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos

**TENDERHUISE:** CS Diamonds, NDM

**SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE:** Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK

**SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE:** Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart

**SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID:** Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes) Johan Keyser (Noord Kaap), Mark Hunt (Noord Kaap)

Webtuiste: http://sadpo.co.za/
Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

# BLY POSITIEF!